MURIEL BRANDSKOOL

KRITERIA VIR TOELATING (Deel van Toelatingsbeleid)

Inleiding

Muriel Brandskool is `n skool vir leerders met buitengewone onderwysbehoeftes. Hierdie is leerders wat struikelblokke tot leer en ontwikkeling ondervind. Die skool was aanvanklik daarop toegespits om eksklusief in die behoeftes van leerders met serebrale gestremdheid te voorsien. Met tyd het die skool meer gespesialiseerd geraak om ook in die behoeftes van leerders met ander vorms van neurologiese en fisiese gestremdhede te voorsien, insluitende leerders met spesifieke leergestremdheid. In ooreenstemming met die "Education White Paper 6", sal die skool tans ook toelating oorweeg van enige leerder wat struikelblokke tot leer ondervind wat nie deur die gewone skoolsisteem aangespreek kan word nie. Dit behoort egter altyd duidelik te wees dat dit in die leerders, sowel as ander leerders in die skool, se beste belang moet wees alvorens plasing in die skool oorweeg sal word.

Spesifieke kriteria

Die spesifieke kriteria vir leerders met gestremdhede is soos volg:

1. Serebraalgestremd (insluitende ander neurologiese toestande):
   a. Diagnose deur 'n toepaslik gekwalifiseerde mediese dokter, fisio-, spraak- of arbeidsterapeut.
   b. Die ouderdom van drie jaar of ouer.
   c. Die leerder moet baat kan vind by die opvoedkundige program wat aangebied word, soos bepaal deur middel van 'n evaluasie deur 'n multi-dissiplinêre span.
   d. Sal nie baat by plasing in 'n hoofstroom skool nie.
   e. Toestemming van ouer.

2. Ander fisiese gestremdheid:
   a. Diagnose deur 'n toepaslik gekwalifiseerde mediese dokter of fisioterapeut.
   b. Die ouderdom van drie jaar of ouer.
   c. Die skool moet die kapasiteit hê om aan die mediese vereistes van die toestand te kan voldoen.
   d. Die leerder moet baat kan vind by die opvoedkundige program wat aangebied word, soos bepaal deur middel van 'n evaluasie deur 'n multi-dissiplinêre span.
   e. Sal nie baat by plasing in 'n hoofstroom skool nie.
   f. Toestemming van ouer.

3. Spesifieke leergestremdheid:
   a. Diagnose deur 'n toepaslik gekwalifiseerde opvoedkundige sielkundige of remediërende terapeut.
   b. Het verpligte skoolouderdom bereik (d.w.s. die leerder kan eers toegelaat word in die jaar waarin hy/sy sewe jaar oud word).
   c. Die leerder moet baat kan vind by die opvoedkundige program wat aangebied word, soos bepaal deur middel van 'n evaluasie deur 'n multi-dissiplinêre span.
   d. Sal nie baat by plasing in 'n hoofstroom skool nie.
   e. Toestemming van ouer.

4. Ander struikelblokke tot leer:
   a. Die skool sal plasing oorweeg van enige leerder wat struikelblokke tot leer ondervind wat nie deur die gewone skoolsisteem aangespreek kan word nie (in ooreenstemming met die “Education White Paper 6 on Special Needs Education”).
   b. Die voorwaarde is dat die skool in staat moet wees om eties aan die opvoedkundige en fisiese behoeftes van sulke leerders te kan voldoen. In die geval dat die skool nie in hierdie behoeftes kan voorsien nie, moet alle pogings aangewend word om alternatiewe plasing te reël in ‘n skool wat beter in die leerder se behoeftes kan voldoen. Sogenaamde “stadige leerders” word nie onder normale omstandighede toegelaat nie, omdat hul behoeftes beter aangespreek kan word deur beroepsgerigte onderwys in spesiale klasse, beroepsgerigte skole of opleidingsentrums.

Addisionele aspekte wat in ag geneem moet word

1. Geen leerder mag uitgesluit word op grond van ras, etnisiteit of sosiale status, kleur, geslag, gestremdheid, seksuele oriëntasie, geloof, morele oortuigings, kultuur, HIV/VIGS status, of enige ander siekte nie (op voorwaarde dat die siekte nie ‘n hoë risiko van infeksie inhou vir ander leerders of personeel nie).

2. Mediese versorging: Leerders wat hoë vlakke van mediese sorg benodig (bv. leerders met inkontinensie) kan slegs toegelaat word indien die skool oor die nodige infrastruktuur beskik om die spesifieke probleem te kan hanteer. Indien die ouers dit sou verkies, sal voorskoolse leerders geakkomodeer word totdat hulle verpligte skoolouderdom bereik om sodoende koshuisplasing in ‘n meer geskikte skool op so ‘n jong ouderdom te vermy.

3. Sensoriese gestremdhede: Leerders met ‘n gehoorgestremdheid wat gebaretaal benodig en leerders met ‘n visuele gestremdheid wat Braille benodig, word nie toegelaat nie. Dit is weens die feit dat die skool nie tans optimaal in hul onderwysbehoeftes kan voorsien nie. Voorskoolse leerders sal egter toegelaat word ten einde koshuisplasing op ‘n jong ouderdom in `n meer geskikte skool te vermy. Hierdie leerders sal dan oorgeplaas word wanneer hul met Graad 1 moet begin.

4. Leerders met ernstige kognitiewe gestremdhede wat kwalifiseer vir toelating op grond van hul primêre diagnose (bv. serebrale gestremdheid), is gewoonlik nie in staat om aan die vereistes van die kurrikulum van die skool te voldoen nie, selfs in die vaardigheidsklasse. In gevalle waar daar geen twyfel bestaan oor `n leerder se kognitiewe vermoë nie, sal die leerder direk geplaas word in `n skool vir leerders met kognitiewe inperkings. Kognitiewe vermoëns word nie bepaal deur IK nie, alhoewel IK-toetsresultate bykomende informasie kan verskaf. Die kind se vermoë om baat te vind by die program wat deur die skool aangebied word, word bepaal deur kriteria gebaseerde assesseringsinstrumente wat saamgestel is deur die departementshoof van die betrokke fase (bv. voorskools, grondleggings- of intermediêre fase), te same met die assesseringsinstrumente wat deur die spraak- en arbeidsterapeute gebruik word.

5. Taal: Leerders wie se moedertaal nie een van die tale van onderrig (“languages of learning and teaching” - LOLT) van die skool is nie, d.w.s. Engels of Afrikaans, bied

spesifieke uitdagings aan die skool. Leerders met breinbeserings ondervind oor die algemeen probleme om ‘n tweede en/of derde taal aan te leer. Hul leer dikwels nie taal toevallig aan soos kinders wat normaal ontwikkel nie – nuwe tale moet formeel aangeleer word.

- Voorskoolse leerders wat kwalifiseer vir toelating, maar wie se moedertaal nie een van die tale van onderrig (LOLT) is nie, sal toegelaat word tot die skool, selfs al het hul nog geen blootstelling aan die taal van onderrig gehad nie.

- Leerders van skoolgaande ouderdom wat kwalifiseer vir toelating, maar wie se moedertaal nie die taal van onderrig (LOLT) is nie en wat onvoldoende blootstelling aan die taal van onderrig gehad het, se ouers sal aangeraai word om aansoek te doen by ‘n skool waar hulle Engels geleer kan word deur medium van hul moedertaal. Die rede hiervoor is dat spraak- en taalterapie dikwels nie suksesvol is met hierdie leerders nie. Die risiko bestaan dat leerders met voldoende intellektuele vermoëns oorgeplaas word na vaardigheidsklasse of selfs opleidingsentrums as gevolg van beperkte vordering. Navorsing toon dat die mees effektiewe manier om vir kinders met breinbeserings ‘n nuwe taal aan te leer, is in ‘n groep deur medium van hul moedertaal. Indien die ouers egter aandring op ‘n plasing in Muriel Brandskool, sal die leerder toegelaat word. Ongelukkig is sulke plasings dikwels nie in die beste belang van die leerder nie.

6. Gedrag: Leerders met ernstige gedragsprobleme sal nie oorweeg word vir plasing nie, veral as dit aggressiewe- of kriminele gedrag behels. Die rede hiervoor is dat leerders met fisiese gestremdhede meer kwesbaar is en leerders met breinbeserings meer beïnvloedbaar is as ander leerders. Die skool beskik ook nie oor die nodige kapasiteit om die verhoogde vlakke van toesig te hanteer wat deur sulke leerders vereis word nie.

Ouderdoms- /graadnorme

Wat onderrig vir leerders met spesiale behoeftes aanbetref, is dit nie moontlik om ouderdoms- /graadnorme streng te volg nie. Die volgende norme sal as riglyn gebruik word:

Graad nommer + 6
Bv.
- Graad 1 + 6 = ouderdom 7
- Graad 4 + 6 = ouderdom 10
- Graad 9 + 6 = ouderdom 15